

DIE GIDEONS - BATE OF LAS?

Ds Hennie van Wyk, Primrose

Standerd ses kinders kom die een of ander tyd van die skool af met 'n "Gideonsbybel". Lidmate vergeet hulle Bybel as hulle hospitaal toe gaan - maar "gelukkig" is daar 'n "Gideonsbybel". Hulle doen seker maak 'n goeie werk, kan ons redeneer. Dalk het u 'n uitnodiging gekry om 'n ete saam met hulle by te woon. Maar waarom gaan dit?

DOELSTELLINGS

Die Gideon-beweging het die volgende doelstelling: Om andere vir Christus te wen deur 'n vereniging van sakemanne en professioneles vir diens; persoonlike getuienis en werk deur lede; en die beskikbaarstelling van die Bybel.

BEREDENERING

Op die oog af lyk dit edel. Dit lyk en klink asof dit kan ooreenstem met die evangelisasie-opdrag wat elke gelowige het. Lees 'n mens egter hoe dit gedoen word, is dit duidelik dat ons hier nie met 'n bondgenoot te doen het nie.

HOE WORD DIE ANDERE VIR CHRISTUS GEWEN?

1 'N VERENIGING GESTIG - NIE 'N KERK NIE.

| | |
|---|---|
| 'n Vereniging bepaal self sy reëls en regulasies en kan lede op eie voorkeur kies. | 'n Kerk is die liggaam van Christus (1 Kor 12), en die lede is deur die geloof ingeplant in die liggaam. Die lede doen dit nie uit eie keuse nie, maar word deur God getrek (Joh 6:44). |
| Die vereniging van die Gideons mag geen kerklike dogma verkondig nie. Weereens klink dit asof dit darem nie teen die kerk is nie. | Die oomblik dat die kerk los is van 'n belydenis dryf hy. Dit is egter nie vir die kerk van ons Here Jesus Christus nie. |
| Enige persoon kan enige standpunt stel - en sê dat dit die Woord van God is - maar die Skrifverklaring kan nie getoets word aan 'n dogma nie. | Die gevaar van belydenisloosheid is dat daar niks teen die belydenis van 'n ander gesê mag word nie. |
| Die vereniging is gerig op sakemanne en professionele mense. Dit is slegs 'n eksklusiewe groep (waar die geld meer beskikbaar is as by ander) waarop hulle fokus. | Die kerk is almal wat die Here uitkies. Hulle is gered (sonder onderskeid) uit genade alleen (Rom 1:16, 17). |
| Gelde wat aan hulle gegee word gaan vir die vereniging. | Kerklike bydraes gaan vir die uitbreiding van die evangelie. |

2 **PERSOONLIKE GETUIENIS WORD GELEWER**

- * In die persoonlike getuienis moet die Gideon kan vertel hoeveel siele hulle vir Christus gewen het. In die praktyk is dit egter net sigbaar oor hoeveel lede daar by die Gideons gevoeg word, en nie of daar bekering was en die geloof in die Drie-enige God bely is nie.
- * Persoonlike getuies draai ook om die hoeveelheid Bybels wat versprei is. Goeie werke staan dus voorop. Goeie werke is egter dié werke wat uit 'n ware geloof gedoen is en nie tot eie verheerliking nie. God red - Hy alleen kom al die eer toe. Die genade wat ons daartoe ontvang is 'n gawe van God sodat niemand daarvoor mag spog nie (Ef 2:9).

3 **BYBELS WORD VERSPREI**

- * In die eerste plek moet daarop gelet word dat hulle van "Bybels" praat, ek nog nooit 'n volledige Bybel in enige hotel of hospitaal gesien het nie, maar slegs die Nuwe Testament, Psalms en Spreuke. Op persoonlike navraag het een van die lede van die Gideons gesê dat dit net te duur is om volledige Bybel te druk (ek weet nie af dit die Gideons se amptelike standpunt is nie). Daarteenoor moet ons beseft dat die Nuwe Testament nie die volle openbaring van God is nie. Die *hele* Skrif is die reël waarvolgens ons moet leef (NGB, art 7).
- * Hulle stel duidelik dat hulle "Bybels" nie verkoop mag word nie. 'n Edele gedagte. Tog is die Bybel, soos dit deur die Bybelgenootskap versprei word, steeds die goedkoopste boek per bladsy. Verder ontstaan die vraag: as die Gideons so ernstig is oor Bybelverspreiding, waarom nie hulle bydra tot die Bybelgenootskap maak nie? Hoeveel spandeer hulle jaarliks aan die druk van "Gideonsbybels"? Hulle het, sover ek weet, geen bydrae gemaak aan die Bybelgenootskap of selfs die Bibliaton-aksies nie. Waarom nie? Persoonlik dink ek dat hulle te min eie-advertensie daaruit sou ontvang.

BEWOORDING AGTER IN DIE GIDEONSTESTAMENTJIES

Agter in die Gideonstestamentjies word 'n paar gedeeltes uit die Nuwe Testament aangehaal wat handel oor die liefde van God vir die mens, die sonde, verlossing en die versekering vir gelowiges.

Ek wil nie op die detail van elke vers ingaan nie, maar slegs op drie aspekte: die bewering dat almal gered kan word, dat die mens moet besluit om Christus aan te neem en dat die mens die versekering het van die ewige lewe.

- * Openbaring 3:20 en Romeine 10:13 word aangehaal. Die probleem hiermee is tweërlei: eerstens word die gedeeltes buite konteks aangehaal (hoewel daar na die bladsynommers verwys word waar die teks opgeteken staan). Lees 'n mens 'n vers buite konteks kan die maklik lei tot verkeerde interpretasie en verklaring. Tweedens word dit in die Gideonstestamentjies binne 'n bepaalde konteks gebruik, naamlik dat God die mens liefhet, dat die mens 'n sondaar is en dat die Christus gesterf het vir die sonde. Nou staan Hy by die mens en klop... Hiermee word die indruk geskep dat dit nou van die mens afhang en dat die mens nou God moet gehoorsaam om gered te

- word. Verlossing is egter 'n genadedaad van God en die mens het nie enige aandeel daarin nie (Joh 6, veral verse 35-71).
- * Die logiese punt wat hierop volg, is dat die mens die besluit moet neem om Christus aan te neem. Daar word ook voorsiening gemaak dat die mens sy naam en datum kan invul. Hierin lê 'n baie sterk dogma (wat hulle nie mag verkondig nie) en dit is dat die verlossing die besluit en die werk van die mens is. Daarteenoor verkondig die Bybel dat die Heilige Gees die geloof in die mens wek (Joh 3, 2 Kor 4:13) en dat dit 'n genadegawe van God is waaroor die mens nie mag roem nie (Ef 2:9).
 - * Laastens word 'n aantal verse genoem wat die gelowige verseker van die ewige lewe. Nêrens word in hierdie bewoording appèl geplaas op die bekering van die mens en die volharding in die geloof nie. Die geloofsluwe word afgewater aangebied - sonder die verantwoordelikheid van die mens. Tog moet die mens die goeie stryd stry, nie op eie krag nie, maar met die volle wapenrusting wat God in sy genade aan die uitverkorenes gee (1 Tim 6)

Opsommend: Die Gideons is nie tevrede met hoe God die kerk georganiseer het nie en stel daarom 'n struktuur naas die kerk. Hulle hele idee van bekering en goeie werke draai net om die eer van die Gideons, en nie die eer van God nie. Laat ons eerder ons toespits op evangelisasie op God se manier. Gee maar hulle Gideonstestamente terug - en versoek hulle om gehoorsaam aan God in sy kerk te werk.

Onthou: die doel heilig nie die middele nie. Alles wat ons doen, moet ons doen tot eer van sy Naam. Wie nie vir die Here is nie, is teen Hom.